e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

19 Januarie 2012
Jaargang 4 – Uitgawe 43

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

My wens vir 2012

Al is ons al verby die halfpadmerk van die eerste maand van 2012, lê die grootste deel van hierdie jaar nog vir ons voor. Wat wens ons vir hierdie jaar?

Ek het leraars uit van ons kerkvriende in die *Conventus Reformatus*, 'n ekumeniese liggaam vir kerke van die Reformasie in Suidelike Afrika, gevra om te formuleer wat hulle wens sou wees as hulle net een wens kon hê vir Suid-Afrika in die jaar 2012.

Ds Richard Verreynne, leraar van Sotêr Gemeente in Kaapstad en Moderator van die Christelike Gereformeerde Kerk Sinode, sê: "Dit is bekend dat wanneer die tendens rondom waarheid en waardes in 'n gemeenskap eers negatief begin draai, daar min kans is om dit om te draai. My wens is dat die effek van die evangelie soos verkondig deur die kerk so 'n radikale impak op ons gemeenskappe sal hê, dat die wêreld wat nou so graag vir die kerk lag, genoodsaak sal wees om weer regop te sit en kennis te neem van die krag van die heilswaarheid. ***Magna est veritas et praevalebit***. (*Die heilswaarheid is iets groots en sal seëvier!*)"

Ds Lionel Fredericks, Moderator van die Calvyn Protestantse Kerk en leraar in Kraaifontein, laat weet: "My wens vir Suid-Afrika is dat die las waarmee baie mense in hierdie land van ons worstel net 'n bietjie ligter kon word en dat die gaping tussen hulle wat het en hulle wat nie het nie, op 'n manier oorbrug kan word. Daar is te veel mense wat nie weet waar die volgende stukkie kos vandaan gaan kom nie."

Ds Pieter Kurpershoek, leraar in Middelburg en voorsitter van Deputate Ekumene (Binnelands) van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, skryf sy wens as 'n gebed: "Here, as ek net één saak by U mag bring... in 2012 in Suid-Afrika... dan wil ek pleit dat U al meer gelowiges én ongelowiges se oë sal oopmaak om u genade-spore in Suid-Afrika te herken en U dan te erken. So mag ons ware vrede vind by U... met U... met mekaar!"

Ds Tommy Solomons van die Rynse Kerk in Elsiesrivier en Skriba van die Moderamen van die Rynse Kerk, skryf: "Om te wens, is om sterk te hoop, te verlang en te begeer na 'n omstandigheid wat nie nou is soos jy dit wil hê nie, maar daarna sien jy met verlange uit. Ek sien uit en wens vir die dag dat kinders, jongmense, volwassenes en diere in die strate van ons land veilig voel. Ek wens om te sien dat my drie dogters sonder enige vrees dat hulle beroof, bedrieg of verkrag sal word, na die winkelsentrum toe kan stap. Dít sal ons land 'n geliefde en gesogte land maak."

Dr Kobus Gerber, Algemene Sekretaris van die NG Kerk, formuleer so: "In die bekende Jennifer Beals-fliek *Flashdance* sê die ou vir sy meisie: *If you lose your dreams, you are going to die!* In die *Want so lief het God die wêreld...* (Joh 3: 16) en *...vrede op aarde...* (Luk 2: 14) sien ons die hart van God se droom vir Suid-Afrika. As ons hiérdie droom verloor, verloor ons alles. My droom is dat ons nooit sal ophou droom nie!"

Ene Richard Bach sê: "Jy kry nie 'n wens sonder dat jy dit kan vervul nie – jy sal daarvoor moet wérk!"

Ds Etienne Fourie

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat ’n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Susan Oosthuizen

Ds Larry van der Walt

Beroep ontvang

- **Ds Susan Oosthuizen** (beroepafwagtend) na Carolina
- **Ds Larry van der Walt** (beroepafwagtend) na Oos-Londen (deeltyds)

Beroep aanvaar

- **Ds Susan Oosthuizen** (beroepafwagtend) na Carolina
- **Ds Larry van der Walt** (beroepafwagtend) na Oos-Londen (deeltyds)

Beroep bedank

- **Ds Louw van der Linde** van Meyerspark na Grootfontein/Tsumeb

Ds Louw van der Linde

Ds Frans Redelinghuys

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by **wouter@nhk.co.za** gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

- **Ds Frans Redelinghuys** van Gemeente Sasolburg het onlangs die graad MTh in Bybelse Spiritualiteit aan die Departement Ou en Nuwe Testament van die Universiteit van die Vrystaat voltooi. Sy skripsie het gehandel oor die mistieke resepsie van die Bybel in Thomas van Kempen se *Imitatio Christi*. Soos met die grade BA(Hons) (Sielkunde) en BA(Hons) en MA (Bedryfsielkunde) wat ds Redelinghuys sedert die voltooiing van sy aanvanklike teologiese opleiding almal met lof voltooi het, word hierdie graad ook *Cum Laude* verwerf.

- ’n Baie siek **Dibbie Botha**, weduwee van ds Stoffel Botha, het vir Heidi Pretorius van Noordrand gevra om hierdie briefie namens haar te skryf: “Aan die einde van ’n aktiewe lewe kyk ek terug op die baie voorregte, ongelooflike deernis en liefde wat ons as ’n egpaar (pastoriepaar) in die verskillende gemeentes ontvang het. Soveel begrip, liefde en volgehoue ondersteuning, waar dit soms baie sleg met my maat se gesondheid gegaan het en ons nie altyd ons werk ten volle kon verrig nie. Ek staan stil voor julle almal met groot dankbaarheid, en dank Hom vir sy groot genade.”

- **Amptelike opening van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)**
  Datum: Dinsdag 7 Februarie
  Tyd: 09:00 tot 11:00
  Plek: Raadsaal, Dirk van der Hoff-gebou
  Spreker: Prof Natie van Wyk
  Tema: Kategese – insigte van Augustinus en Zacharias Ursinus
  Oorhandiging van toekennings: Dr Frikkie Labuschagne en mnr Elmar Struwig
  Vingerete na afloop van verrigtinge
  Dosentevergadering: 11:00 tot 14:00

- **Amptelike opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)**
  Datum: Woensdag 15 Februarie
  Tyd: 14:30
  Plek: Gemeente Philadelphia
  Spreker: Prof Yolanda Dreyer
  Tema: Praktykopleiding van teologiestudente vandag

Hierdie is ook dr Christo van der Merwe se eerste opening as hoof van die HTK
Afskeid van prof Theuns Dreyer
en oorhandiging van TFJ Dreyer-huldigings-bundel
Oorhandiging deur prof Andries van Aarde (redakteur: *HTS*)
en prof Yolanda Dreyer (mederedakteur: *HTS*)
Vingerete na afloop van verrigtinge
Kontak mev Betsie Brits by **betsie.brits@up.ac.za**
of 012 420 5393 voor 27 Januarie om bywoning te bevestig

Spesiale eredienste

- **Gemeente Trichardtsfontein** neem na 24 jaar afskeid van **ds Jan Rossouw** en nooi al die predikante wat hom ken en/of in die ring van Trichardtsfontein is om op **Sondag 22 Januarie** om 11:00 na sy uittreepreek te kom luister. Daar sal na die diens 'n ete bedien word. Verwittig Elise by 017 638 1134 (Maandae-Donderdae van 08:00-13:00) as u die geleentheid gaan bywoon.

- **Gemeente Rooihuiskraal** hou op **Sondag 29 Januarie** om 09:00 'n **Woord-en-lied-erediens** waartydens die gospelsanger Hessel van der Walt 'n program sal aanbied. Hessel het met die titelsnit van sy CD *10 000 Engele* die toekenning vir beste geestelike treffer van 2011 ontvang. Vir meer inligting, besoek die blad van Gemeente Rooihuiskraal by **NHK RHK** op Facebook. Meer inligting oor die kunstenaar is beskikbaar by **www.hesselvanderwalt.co.za**. Navrae aan ds Jaco Vogel by 082 788 4877.

- **Gemeente Reitz** is op 2 Februarie 1992 gestig. Op **Sondag 5 Februarie** om 07:30 word 'n **spesiale dankdiens** gehou om die 20 jaar te gedenk, en stigterslede, oudlidmate en oudkerkraadslede is welkom om die erediens by te woon. Daar sal tee en koffie na die diens bedien word. Laat weet ouderling Wynand le Roux by 082 781 3988 indien u die geleentheid gaan bywoon.

Predikanteverjaardae

Die volgende predikante verjaar tot 27 Januarie, en word hartlik geluk gewens.

o Donderdag 19 Januarie:	Ds Martin Slabbert (Philadelphia)
o Vrydag 20 Januarie:	Ds Martyn Redelinghuys (emeritus)
o Saterdag 21 Januarie:	Dr Johan Nel (Bloemfontein), di Stephen de Beer (Noordwestelike Pretoria) en Gerrie Senekal (Lichtenburg)
o Sondag 22 Januarie:	Ds Willem Slabbert (Pretoria-Noord)
o Maandag 23 Januarie:	Dr Wouter van Wyk (Sinodaal) en ds Jan Wallis (emeritus)
o Dinsdag 24 Januarie:	Ds Marius Kramer (Rustenburg-Suid)
o Woensdag 25 Januarie:	Di Riaan Botha (Steelpoort), Pierre Kotzé (Piet Potgieter) en Oppies Opperman (beroepafwagtend)
o Donderdag 26 Januarie:	Dr Marthinus Pretorius (emeritus), di Marita Engelbrecht (Komatipoort) en Richard van der Westhuizen (Tzaneen)
o Vrydag 27 Januarie:	Ds Elmien Snyman (Sundra)

- 'n Vakature vir 'n **orrelis** het ontstaan by **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi). Stuur aansoeke aan mev Sarie van den Berg by **marikana@nhk.co.za**, of kontak haar by 083 654 0626.

- **Ds Jan Rossouw** se nuwe adres is Posbus 100, Clocolan 9735, en sy e-posadres is **jacro@vodamail.co.za** (bladsy 185 van die *Almanak*). Die posbusnommer is ook **Gemeente Clocolan** se nuwe posadres (bladsy 75).

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en ’n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)** van 2012 vind plaas op 5 en 6 Junie, en op 6 en 7 November. Die tema is *Missionale Diakonaat. Saam in diens met verstand, hart en hand*. Dit vind plaas by Gemeente Wapadrant. Meer inligting sal mettertyd beskikbaar wees.

Beplande vergaderings

- Vrydag 20 Januarie: Moderamen
- Woensdag 25 Januarie: Bestuur van die Ondersteuningsraad
- Vrydag 27 Januarie: Finkom van die Ondersteuningsraad
- Dinsdag 31 Januarie: Koördineringskomitee

- **GELOWIGE GESINNE GESPREK.** Die Raad vir Gesinsorg en die Werkspan Jeugbediening nooi gesinne van ons Kerk uit na die gesprek wat by Gemeente Montana plaasvind op 11 Februarie van 09:00 tot 15:00.

Wat behels die Gelowige Gesinne Gesprek? Ons besin saam oor hoe gelowige gesinne in vandag se omstandighede volgens God se wil en bedoeling behoort te leef.

Wat is die doel van die gesprek? Ons wil opgewonde raak oor ons gesinne, en saam besin oor wat God van ons as pa’s en ma’s verwag, van kinders, van grootouers en ook die groter huisgesin van God, die gemeente. Daar behoort ’n baie noue verhouding te bestaan tussen die bediening van die gemeente en die bediening van die huisgesin.

Wie is almal welkom? Alle gesinne in al die moontlike verskyningsvorme en lewenstadiums – pa’s, ma’s, kind(ers), enkelouers, pensioenaris/se en ook individue. Of jou gesin dus bestaan uit jy en jou man/vrou en kind(ers) uit ’n eerste huwelik, en of julle ’n hersaamgestelde gesin is, en of jy/julle al afgetree is en êrens in ’n aftreeoord woon, en of jy nog nooit getroud is nie en as enkeling leef, en of jy ’n enkelouer is – jy/julle is hartlik welkom!

Datum, tyd en plek
Saterdag 11 Februarie 09:00 tot 15:00
Gemeente Montana
hv Azanza- Jan Bantjiesstraat, Montana, Pretoria

Om in te skryf en deel te neem, skakel
Montana-kerkkantoor 012 567 1753
Ds Danie van der Watt 082 572 4855
Ds Thinus van Staden 084 589 7035

Inskrywings sluit op 3 Februarie

Veraf gemeentes kan oorweeg om twee of drie gesinne te stuur om te kom saampraat. Naby gemeentes kan gerus meer stuur! Ons wil graag soveel gesinne moontlik betrek.

Beskikbare behuising

- Daar is **verblyf** beskikbaar **binne loopafstand van die Universiteit van Pretoria**, op die kerkterrein van Gemeente Philadelphia in Hatfield. Gratis parkering,

elektrisiteit en water ingesluit. Vir meer inligting, kontak Esmé by 012 362 7237 of **philadelphia@nhk.co.za**.

- **Huis Tafelberger.** Nuutopgeknapte kamer beskikbaar vir **selfversorgende bejaarde**. Huis Tafelberger is geleë in Monte Vista, Kaapstad, en is een van die tehuise van die NHSV. Navrae aan die voorsitter, mev Anna Hanekom, by 021 872 6301 of mev Joan van der Westhuizen by 021 558 6575, of ds Kathleen Smith by 021 551 5264.

Kampe

- **Gemeente Montana: Vrouekamp**
  9 tot 11 Maart
  By Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Tema: *Steek 'n petunia in jou hoed en skaterlag!*
  Spreker ds Janine Bevolo-Manders
  R500 per persoon
  Vir navrae of besprekings: Jana Peenze 083 734 5426
  of **janapeenze@vodamail.co.za**

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 21 Januarie: Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester Novac-fietswedren**
  75 km, 45 km, 10 km en kinderren
  Ook 'n 45 km bergfiets *short loop*
  Voltooi wedren en ontvang 'n medalje
  Kontantpryse vir wenners en sommige naaswenners
  Alle deelnemers in aanmerking vir gelukstrekkings
  Navrae aan Veronica Blake by 082 775 1844
  of **veronicablake@telkomsa.net**

Basaars en markte

- **Saterdag 28 Januarie: Gemeente Nelspruit Maroelafees en Buitelewe-ekspo**
  By Nelspruit Rugbyklub
  In hoogseisoen van die maroela
  Van 08:00 tot laatmiddag, toegang gratis
  Gesinsvermaak
  Verskeie maroelaprodukte, geregte, resepteboeke te koop
  Woonwaens, tente, kampeertoerusting, veldvoertuie, kragopwekkers
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455 vir meer inligting

- **Saterdag 25 Februarie: Gemeente Leeudoringstad: NHSV Pienkbasaar**
  Vanaf 09:00 op gemeenteterrein
  Tema: *Sand en see*
  Seremoniemeester Gretha Pers (pers heks van die ATKV)
  Kosstalletjies met lekkernye vir die vrouens
  Tuisgemaakte geskenke
  Uitstallers met juwele, kinderklere en ander kinder- en bababenodighede
  Babakompetisie 0 tot 24 maande
  Dooprokuitstalling
  Veiling van koeke vir kinders
  Vermaak vir kinders
  Manne welkom!
  Kontak Thea van Rooyen by 073 723 9883

ANDER NUUS

Otto Viljoen

- **Otto Viljoen** is met ingang van 1 Januarie 2012 aangestel as die nuwe bestuurder van die Kinderhuise. Otto is sedert 1 Februarie 2010 deel van die Ouditspan van die Sinodale Kerkkantoor. Hy neem nou die leisels oor by dr Koos Engelbrecht, wat reeds enkele jare gelede afgetree het maar steeds by die Kinderhuise betrokke was. Ons wens Otto en sy vrou, Danette, sukses toe met die nuwe uitdaging.

- **VAKATURE: Sekretariële beampte by Direksie van die Kinderhuise en ADV**
  Vereistes
  - Meelewende lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
  - Naskoolse kwalifikasie of opleiding sal 'n aanbeveling wees.
  - Rekenaarvaardig in ten minste Microsoft Office.
  - Ten volle tweetalig.
  - Geldige rybewys.
  - Goeie kommunikasie- en organisasievaardighede.
  - Kennis van JOOMLA en databasisse sal sterk aanbeveling wees.

  Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes.
  Beoogde datum van aanstelling 1 Maart 2012.
  Sluitingsdatum vir aansoeke: 20 Januarie 2012.
  Aansoeke met CV aan mev Susan Moore, Posbus 2368, Pretoria 0001;
  mannekrag@nhk.co.za; tel 012 322 8885; faks 012 322 7909.

- **Nuwe Afrikaner-kultuursentrum in Windhoek.** Skenkings word gevra van stoele (enige soort), tafels (al is dit oud en mankoliekig), gemakstoele, koffietafel, yskassie, klavier, sleutelbord, eetgerei, Afrikaanse storieboeke. Kontak Jurie Viljoen by 081 276 8478 of **juriev@iway.na**.

- **ADVERTENSIES waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059 of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
  Raad van Finansies
  ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005
  Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Dankie vir die *e-Hervormer*. Baie geluk met die mooi versorging en besondere voorkoms. Dit lees lekker! Doen so verder."

Giel Roux

SENTIK-publikasies

Almanak/Bybelse Dagboek 2012
R110



Die Hervormer
R100 vir 11 uitgawes
R10 per individuele eksemplaar

Konteks
R140 vir 10 uitgawes
R15 per individuele eksemplaar

Bybelstudies
R30

- *Bewaar wat aan jou toevertrou is* (oor Timoteus en Titus)
- *Briewe van Johannes*
- *2 Petrus*
- *Die Ons Vader-gebed*
- *Om die Bybel (beter) te verstaan* (NB: R35)

Ook:

- *Woord en Lewe*: Kategesereeks graad R tot graad 6
- Diensboek
- Lidmaatboek

Binnekort:

- *Die belydenisskrifte (en ekumeniese simbole)* (werktitel)

Navrae oor beskikbaarheid, pryse en posgeld aan mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of per e-pos na **sentik@nhk.co.za**.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx